ROBINSON PAS FEES
R328
Ruiterbos
Mosselbaai

Tel: 082 557 6619
louise@ruiterboschlodge.com

ALGEMENE VOORWAARDES EN REËLS VIR STALLETJIES

FEESDATUM: *DIE FEES VIND PLAAS SATERDAG 30 MEI 2020*

1. SLUITINGSDATUM HIERDIE IS BAIE BAIE BELANGRIK!!!!!

Sluitingsdatum is 31 Maart 2020. Aansoeke word onmiddellik aanvaar om teleurstelling te voorkom, dien jou aansoek so spoedig moontlik in. Alle aansoeke sal nogsteeds deur 'n keuringsproses gaan.

2. PLASING

Voorlopige plasings word gedoen soos en wanneer aansoeke ontvang word, maar die Robinson Pas feeskomitee hou die reg voor om enige stalletjie in belang van die fees te verskuif. Aansoekers sal deurlopend in kennis gestel word na mate aansoeke goed- of afgekeur word. Dit is dus belangrik om so vroeg as moontlik aansoek te doen om teleurstelling te voorkom.Geen stalletjie word toegelaat om sonder toestemming van plek te verwissel of met ander stalletjies uit te ruil nie!

3. EVALUASIE

Aansoeke moet asseblief van foto's en 'n volledige produkbeskrywing vergesel word. Daarsonder sal aansoeke nie oorweeg word nie. Die komitee sal voorkeur verleen aan hand- en kunsvervaardigde produkte wat kreatiwiteit en oorspronklikheid toon.
Die beslissing van die komitee is finaal en geen debat sal daaroor gevoer word nie.
Kosstalletjies moet **moet hulle eie brandblussers voorsien** en voorsiening maak vir verkoelings-toerusting vir bederfbare produkte. Die plaaslike brandweerhoof dring daarop aan dat elke stalletjie oor 'n brandblusser moet beskik. Dit is dus noodsaaklik om jou eie brandblusser saam te bring. Kunsstalletjies – Minimum 4,5Kg en kosstalletjies minimum 9 Kg.
Kosstalletjies word beperk tot die spesifieke produkte wat aan hulle toegestaan en goedgekeur is.

4. BETALING

Suksesvolle aansoekers **moet** voor of op 15 April 2020 die verskuldigde bedrag in die Robinson Pas fees se bankrekening inbetaal. Die bankbesonderhede is as volg: ROBINSONPAS FEES,FNB, REK NR: 62806520252, BANKKODE: 210314. Indien jy ná keuring kanselleer, word alle gelde verbeur. **Meld asb. jou verwysingsnommer (stalletjienaam) op die depositostrokie en e-pos die betaalbewys aan louise@ruiterboschlodge.com**.

5. HANDELSURE

Die fees is slegs eendag op 30 Mei 2020 .Die verpligte handelsure vir die dag is 09:00 – 17:00. Stalletjies mag handel dryf tot die feesterrein laat-nag (24:00) sluit maar mag **onder geen omstandighede** voor 17:00 sluit nie. Uitstallers kan vanaf 07:00 stalletjies voorberei.

6. SEKURITEIT

Robinson Pas Feeskomitee verskaf voltydse sekuriteit maar kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese of skade nie.

7. VERBLYF

Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie reis- en verblyfreëlings.

8. ALGEMEEN

- Geen troeteldiere word by stalletjies toegelaat nie.
- Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van hul stalletjies.
- Robinson Pass feeskomitee behou die reg voor om uitstallers te skors vir enige wangedrag, bv. geen harde musiek wat steurend kan wees word toegelaat nie.
- **Geen onderverhuring word toegelaat nie!**
- Geen kragpunte word voorsien nie.. **Kosstalletjies moet verkieslik van gas gebruik maak vir gaarmaakdoeleindes!!**
- Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie tafels, stoele en ander uitstaltoerusting.
- Robinson Pass feeskomitee aanvaar nie verantwoordelikheid vir produk(te) wat nie verkoop nie.

9. GROOTTE VAN KOS-STALLETJIES

Stalletjies wissel van grootte (beskikbaar op aanvraag) en word van geen raamwerk voorsien nie. Waentjies moet deel van stalletjies wees of verwyder word na die toegewysde area.

10. GROOTTE VAN STALLETJIES OPPERVLAKTE

Stalletjies is 3mx3m. Geen grondbedekking nie. Waentjies moet deel van stalletjies wees of verwyder word na die toegewysde area.

Baie sterkte met jou aansoek. Epos asseblief jou aansoek met kleur fotos na Anita by burgeranita8@gmail.com

VOLTOOI ONDERSTAANDE AANSOEKVORM ASSEBLIEF DEEGLIK!

LW: ***Moet asb. nie die voorwaardes en reëls gedeelte terugstuur nie.***

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 31 MAART 2020

Kunsmark & Kosstalletjies

Vir watter kategorie doen jy aansoek? Vul onderstaande asb. in drukskrif in.

1. Kunsstalletjies ☐

2. Kosstalletjie ☐

3. Korporatiewe staanplek ☐

Maak asseblief seker dat u die reëls deurgelees het voordat u aansoek doen en voltooi asseblief in drukskrif.

Kontakpersoon:

Voornaam:	
Van:	
Posadres:	
Dorp/Stad:	
Voorstad:	
Provinsie:	
Kode:	
Tel:	
Faks:	

Sel:	
E-Pos:	
Wanneer verjaar jy:	
Jou man/vrou se naam?	

JOU STALLETJIE INLIGTING

Handelsnaam:……..

Wat wil jy verkoop? Meld asseblief AL jou produkte!

1. **.....**
2. **.....**
3. **.....**
4. **.....**
5. **.....**
6. **.....**
7. **.....**

Beskryf jou produk(te) volledig. (sluit foto's in)

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Beskryf jou spyskaart volledig. (Kosstalletjie)

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Wat is die koswa/karavaan se presiese lengte, breedte en hoogte. (Net indien jy kos verkoop uit 'n karavaan of koswa.)

.....
.....
.....
.....
.....

1. Hoe word die meerderheid van jou produkte vervaardig?					
Handvervaardig		**Masjienvervaardig**		**Ingevoer**	

STALLETJIE PRYSE

Stalletjies (eie stalletjie toerusting)			**Merk**
3m x 3m		**R 350**	
3m x 6m		**R 700**	
Korporatiewe uitstallers			
Bv Motorhandelaars, Koöperasies, ens.		**R2500**	
Kosstalletjies			**Merk**
Kosstalletjie (verskil-lende groottes)	Kosstalletjies moet verkieslik van gas gebruik maak.	**R500**	

KONTRAK		
Ek aanvaar al die voorwaardes wat in hierdie dokument vervat is.		
Geteken	**Naam en Van (in drukskrif)**	**Datum**